Sentrum vir
GRONDWETLIKE
REGTE

SENTRUM VIR GRONDWETLIKE REGTE MENSEREGTEVERSLAGKAART 2015

Kragtens artikel 7 van die Grondwet is die Handves van Regte 'n hoeksteen van demokrasie en verskans dit die regte van al die mense in Suid-Afrika. Dit bevestig en gee uitvoering aan die grondwetlike waardes van menswaardigheid, behaling van gelykheid, bevordering van menseregte en vryhede, nie-rassigheid en nie-seksisme, en word beskerm deur die oppergesag van die Grondwet en die Reg. Hierdie grondwetlike waardes is onderling afhanklik van mekaar, onverdeelbaar en die versuim om een reg te beskerm of om dit te verwesenlik raak gevolglik die verwesenliking van die ander. In meeste gevalle word die reg op menswaardigheid byna altyd geraak.

Kragtens artikel 7(2) van die Grondwet moet die staat die regte in die Handves van Regte respekteer, beskerm, bevorder en verwesenlik. Gevolglik en kragtens artikel 8 van die Grondwet word die wetgewer, die uitvoerende gesag, die regbank en alle staatsorgane gebind deur die Handves van Regte. In beginsel word natuurlike en regspersone ook gebind deur die Handves van Regte, wat verseker dat die Handves van Regte nie net vertikaal tussen die staat en die mense van toepassing is nie, maar ook tussen mense as groepe en individue. Die toenemende versuim in Suid-Afrika om al hierdie grondwetlike waardes - veral dié van verantwoordbaarheid, responsiewe ingesteldheid en openheid, maar ook nie-rassigheid en nie-seksisme - ten volle te waardeer en na te kom, het 'n direkte uitwerking op die verwesenliking van menseregte en vryhede.

Desnieteenstaande geniet die mense van Suid-Afrika gemiddeld op een of ander manier die meeste van die fundamentele regte wat in die Handves van Regte vervat word. Dit sluit in 'n redelik wye reeks politieke en burgerlike regte, alhoewel dieselfde nie gesê kan word oor die verwesenliking van sosio-ekonomiese regte nie.

Ongelykheid in sy verskeie vorme, met inbegrip van volgehoue armoede, werkloosheid, toegang tot basiese onderwys, gesondheidsdienste, water- en sanitasiedienste, is steeds 'n uitdaging. Gevolglik, alhoewel meer gemeenskappe as ooit tevore toegang het tot behuising, elektrisiteit en water, is die onvermoë om hierdie dienste op volhoubare wyse aan alle mense te lewer - veral op plaaslike regeringsvlak - steeds die hoofoorsaak van voortgesette diensleweringsbetogings regoor die land. Die gehalte van basiese onderwys wat in die meeste Suid-Afrikaanse skole aangebied word, is ook steeds laag.

Die gebrek aan 'n verantwoordbare, responsiewe en deursigtige regering is oor die algemeen groot rede tot kommer. Die uitwerking op openbare administrasie en dienslewering (of dit nou weens ongrondwetlike optrede, korrupsie, verkwistende uitgawes of onbevoegdheid is) is steeds een van die grootste bedreigings vir menseregte en vryhede - veral wat die verwesenliking van sosio-ekonomiese regte betref. Gelukkig skrap onafhanklike howe gereeld ongrondwetlike wetgewing en optrede deur die uitvoerende gesag.

Sentrum vir
GRONDWETLIKE
REGTE

Sommige instellings wat gestig is om grondwetlike demokrasie te steun - veral die Openbare Beskermer en tot 'n mate die Menseregtekommissie - speel 'n belangrike rol om menseregte te bevorder en om ongrondwetlike optrede regoor die spektrum te identifiseer. Laasgenoemde instellings word ongelukkig dikwels in die openbaar gekritiseer en deur die uitvoerende gesag en die Parlement afgekraak, wat die integriteit van hierdie grondwetlike instellings ernstig ondermyn. Die Parlement het tot 'n groot mate nie sy grondwetlike rol vervul om die nasionale uitvoerende gesag verantwoordelik te hou vir sy doen en late nie. In plaas daarvan om sy behoorlike toesighoudende rol uit te voer, blyk dit dikwels of die Parlement voornemens is om die nasionale uitvoerende gesag te beskerm teen kritiek en om debat oor aangeleenthede wat vir die kiesers belangrik is, te smoor. Die media is gelukkig nog redelik vry en objektief, en die burgerlike samelewing is steeds luidrugtig en betrokke by die bevordering van grondwetlike waardes en menseregte.

Misdaad en geweld is steeds kommerwekkend hoog (die moordkoers het vir 'n tweede opeenvolgende jaar toegeneem tot meer as vyf keer die internasionale gemiddeld van ses moorde per 100 000 in 2013) terwyl die SA Polisiediens (SAPD) steeds in sommige gevalle blyk om 'n oënskynlike gebrek aan respek vir menseregte en 'n kultuur van menseregte onder sy lede te toon. Laasgenoemde het 'n direkte en negatiewe uitwerking op verskeie regte in die Handves van Regte. Die verwesenliking van verskeie fundamentele regte in die Handves van Regte hang nie net daarvan af dat die SAPD as 'n professionele en doeltreffende diens funksioneer nie, maar ook daarop dat dit funksioneer binne die grense van die Grondwet en sy Handves van Regte.

Daarbenewens is die behandeling van trekarbeiders, vlugtelinge en asielsoekers deur staatsamptenare en Suid-Afrikaners toenemende rede tot kommer. Hierdie behandeling wissel van gevalle waar buitelanders gesondheidsorg geweier word, tot blatante gewelddadige xenofobiese aanvalle op buitelanders en hul eiendom. In hierdie verband blyk die regering ongewillig te wees of nie in staat te wees om hierdie skendings teen buitelanders as xenofobie te identifiseer of om hierdie misdade suksesvol te voorkom of te vervolg.

Daar is ernstige rede tot kommer dat die reg op gelykheid voor die reg ondermyn word deur onbehoorlike inmenging deur die uitvoerende gesag in die aktiwiteite en bestuur van die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG), die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) en die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoek (DPMO) in die SAPD.

Grondhervorming en eiendomsregte genereer steeds politieke retoriek met teenstrydige boodskappe deur die regering, wat onsekerheid skep oor die toekoms van eiendomsregte in Suid-Afrika. Grondhervorming is 'n grondwetlike imperatief, maar voorgestelde wetgewing wat op grondhervorming betrekking het is steeds problematies. Daarbenewens is grondhersteleise weer oopgestel - ten spyte van 'n agterstand van eise wat tot 1998 terug dateer, en die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming se jaarlikse begroting wat nie voldoende is om vir die nuwe grondeise voorsiening te maak nie. 'n

Veldtog deur die Ekonomiese Vryheidsvegters (EVV) om onwettige grondbesetting te bevorder en te steun is ook groot rede tot kommer.

Ongelukkig is diskriminasie op grond van ras en hernude rassistiese optrede steeds 'n groot verdelende faktor in Suid-Afrika en speel 'n bepalende rol om toegang tot indiensneming te verkry, asook om maatskaplike, onderwys- en ekonomiese regte te geniet. Alhoewel die Grondwet maatreëls vereis om die behaling van gelykheid te bevorder, slaan sodanige maatreëls dikwels nie ag op die verbod op onregverdige diskriminasie nie en bevoordeel dit slegs 'n klein gedeelte van die voorheen benadeelde bevolking. Die reg op gelykheid van die grootste meerderheid van die bevolking is ernstig ondermyn deur die gebrek aan toegang tot gehalte onderwys en indiensneming.

Regeringsbeleide (met inbegrip van die idee van numeriese nasionale demografiese verteenwoordiging regoor alle sfere van die samelewing) word in toenemende mate op ras gebaseer. Die toon van die nasionale en politieke diskoers is ook besig om meer ontstellend en rasgebaseerd en onverdraagsaam van aard te word. Dít is ook duidelik uit verskeie voorvalle van rassisme wat deur individue gepleeg word.

TOEKOMSTIGE NEIGINGS

Die regbank gaan voort om sy belangrike rol betreffende die administrasie van geregtigheid te speel. Alhoewel die laer howe gekritiseer word vir onnodige vertragings om oor sake te beslis en om aangeleenthede af te handel, het die hoër howe die belangrikheid van geregtelike hersiening en die afhandeling van aangeleenthede beklemtoon, nie net ingevolge die *Promotion of Administrative Justice Act* nie, maar ook wat die Oppergesag van die Reg betref. Die Kantoor van die Hoofregter het ook 'n afsonderlike instelling van die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling gestig, wat die onafhanklikheid van die regbank waarskynlik versterk het.

Daar word van die regbank oor die algemeen - en veral die Konstitusionele Hof - verwag om steeds wetgewing en optrede deur die uitvoerende gesag te skrap wat nie aan die Grondwet voldoen nie. Desnieteenstaande bestaan daar steeds kommer oor die onafhanklikheid van die regbank in lig van die regering se kritiek op die howe, veral met betrekking tot geregtelike hersiening van optrede van en besluite deur die regering.

Politieke inmenging en die klaarblyklike verpolitisering van die strafregstelsel en die veiligheidsdienste is toenemende rede tot kommer. Dit sal veral belangrik wees om doeltreffende beheer van en toesighouding oor die intelligensiestrukture te verseker - wat moeilik sal wees gegewe die geheimhouding waarmee die werk van hierdie strukture, die Inspekteur-generaal van Intelligensie en die Parlement se Gesamentlike Komitee oor Intelligensie, gepaardgaan. Dit is in werklikheid moontlik dat hierdie strukture geheimhouding sal versterk en insae deur die publiek sal beperk. Dit is ook moontlik dat wetstoepassingsagentskappe teen regmatige belange van politieke partye en kritici van die regering (wat klaarblyklik ook die Openbare Beskermer insluit) ingespan sal word, gegewe verklarings deur die voorsittende beamptes in die Parlement en lede van die Kabinet dat

sekere opposisiepartye se optrede (selfs in die Parlement) “bedreigings” vir nasionale veiligheid inhou.

Tensy die gebrek aan 'n duidelike kultuur van menseregte in die SAPD doeltreffend aangepak word by wyse van die witskrifte oor die Polisie en Sekuriteit (asook wetgewing wat daaraan uitvoering gee), sal die moontlikheid van meer voorvalle van wreedheid deur die polisie toeneem.

Geslagsgelykheid en geweld teen vroue en kinders is steeds kommerwekkend. Die regering se onvermoë om hierdie misdade doeltreffend te voorkom, onderdruk en te vervolg word vererger deur 'n patriargale samelewing en baie hoë koers van geweld en seksuele oortredings oor die algemeen.

Alhoewel die reg op onderwys in beginsel steeds geniet word, met die koers van matrikulante wat slaag wat elke jaar toeneem, het slegs 'n agste van die leerders wat in 1994 met skool begin het, die stelsel verlaat met matriekuitslae wat toelating tot universiteit moontlik maak. Weens die gebrek aan suksesvolle ingryping deur die regering en 'n neiging om opvoedkundige sukses te meet aan 'n stygende matriekslaagsyfer (op grond van drie vakke met 40% en drie met 30%) sal die meerderheid Suid-Afrikaanse kinders vir alle praktiese doeleindes hul reg op ordentlike basiese onderwys geweier word.

Die regering het aangekondig dat hy voornemens is om die grondhervormingsproses te bespoedig, maar het belowe om dit binne die raamwerk van die Grondwet uit te voer. Desnieteenstaande sal grondhervorming, onwettige grondbesetting en eiendomsregte oor die algemeen steeds vir die afsienbare toekoms hoog op die agenda wees.

Meer as 30 diensleweringsbetogings elke dag - waarvan 'n vyfde gewelddadig is - weerspieël die toenemende frustrasie oor die gebrek aan toegang tot basiese dienste en hoë werkloosheidsyfers. In die aanloop tot die plaaslike regeringsverkiesings in 2016 sal hierdie betogings waarskynlik voortgaan en selfs toeneem.

Die doeltreffende inwerkingstelling van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) sal 'n positiewe uitwerking hê op die verwesenliking van verskeie menseregte. Die NOP geniet egter nie die steun van almal in die regerende party en van sy alliansievennote nie en dit kan probleme veroorsaak om dit ten volle in werking te stel.

BELANGRIKE MIDDELE

Sommige van die faktore en middele wat menseregte in 2015 na verwagting kan raak sluit in:

- Die onvermoë van die Parlement om doeltreffende toesighouding oor die nasionale uitvoerende gesag uit te oefen - wat dus verantwoordbaarheid, 'n responsiewe ingesteldheid en openheid sal verseker;
- Die voortgesette onafhanklikheid en integriteit van die howe en veral van die Konstitusionele Hof;
- Die doeltreffendheid, onafhanklikheid en integriteit van Hoofstuk 9-instellings - veral die Openbare Beskermer, Menseregtekommissie, die Onafhanklike Verkiesingskommissie en Ouditeur-generaal;
- Die invloed van die burgerlike samelewing en openbare deelname aan die demokratiese prosesse, met inbegrip van wetgewende prosesse en openbare diskoers;
- Die uitwerking van 'n politieke en nasionale diskoers wat toenemend rasgedrewe is;
- Die stand van versoening, en individuele oortuigings en indrukke van eenheid in diversiteit, nie-rassigheid en vlakke van verdraagsaamheid;
- Die vermoë van die regering om sosio-ekonomiese regte soos gesondheid, onderwys en behuising doeltreffend aan te pak;
- Die uitwerking wat 'n onsuksesvolle basiese onderwysstelsel op die behaling van gelykheid op die lang termyn het;
- Die uitwerking van 'n ekonomiese afswaai, lae voorspelde groeikoers, openbare ondernemings wat swak presteer en 'n energiekrisis op die ekonomiese en sosio-ekonomiese regte;
- Die uitwerking van immigrasie en visumregulasies wat vyandig teenoor toerisme is;
- Die toekomstige optrede van die Regterlike Dienskommissie (RDK) en sy vermoë om geskikte, behoorlike en onpartydige kandidate vir die regbank voor te stel;
- Die uitwerking van die *Protection of State Information Bill* en intimidasie van joernaliste en ander op vryheid van uitdrukking;
- Die uitwerking van politieke inmenging in belangrike staatsinstellings, met inbegrip van die NVG, SAID en SAPD en die vermoë van die NVG en die strafregstelsel om sonder vrees, begunstiging en vooroordeel op te tree;
- Die uitwerking van die ontplooiing van wetstoepassingsagentskappe en intelligensiestrukture deur die staat om regmatige belange van politieke partye te smoor, en om politieke belange van die regerende alliansie te bevorder;
- Die uitwerking van polisiewreedheid in die afwesigheid van ferm leierskap en 'n kultuur van menseregte in die SAPD - en die bevindings van die Marikana-kommissie van ondersoek na die Marikana-voorval;
- Die uitwerking van misdaad op verskeie menseregte, die samelewing en ekonomie;
- Die uitwerking van nuwe wetgewing en beleide wat eiendomsregte verswak, en toenemende ongemak betreffende belangrike sektore van die ekonomie, soos landbou

en mynbou, gegewe die voorkoms van gewelddadige stakings en onsekerheid betreffende eiendomsregte;

- Die uitwerking van voortgesette kaderontplooiing, wat lei tot ondoeltreffende openbare administrasie, met inbegrip van die staatsdiens, staatsorgane, en openbare ondernemings, met die gevolg dat hulle nie in staat is om genoeg energie of skoon water te lewer nie; en
- Die uitwerking van Suid-Afrika se hoë moordkoers en voorkoms van MIV/Vigs op die reg op lewe.

Adv Johan Kruger: Direkteur, Sentrum vir Grondwetlike Regte